

DIE EERSTE TWEE VRAE

Genesis 4:1-16

In Genesis 4:9 staan die tweede vraag wat God aan 'n mens gevra het. Die *eerste vraag* waarvan die Bybel melding maak, was die vraag aan Adam en Eva gerig: “*Waar is jy?*” (Gen.3:9). Dit was na die sondeval. Adam en Eva het bewus geword dat hulle kaal is en hulle met vyeblare bedek (Gen.3:7). Toe het Adam en Eva vir God weggekruipt tussen die bome van die tuin. As God vra: “*Waar is jy?*” verwys Hy na die verhouding tussen Hom en die mens. Die eerste vraag handel dus oor *die mens se verhouding met God*. Die tweede vraag wat in die Bybel opgeteken is, is God se vraag aan Kain: “*Waar is jou broer Abel?*” (Gen.4:9). Die tweede vraag handel oor *die mens se verhouding met sy medemens*. Dit is die twee belangrikste verhoudings waarin jy: Jou verhouding tot God en jou verhouding tot jou naaste. Al twee hierdie verhoudings raak God, nie net die eerste een nie. Adam moet sê wat is sy verhouding met God en Kain moet sê wat is sy verhouding met sy naaste, sy broer. Al twee hierdie verhoudings is versteur deur die sonde. Daar het vervreemding gekom tussen God en mens en tussen mens en mens. In die mens se persoonlike verhouding met God verval hy in *verwilderings* as hy God loslaat. Die loslaat van God het ook 'n tweede gevolg, naamlik, dat hy ook sy medemens loslaat. Dit was die sonde van Kain. Hy het God losgelaat (vs.5-7). Die gevolg is dat hy sy broer Abel doodsla (vs.8). In die mens se persoonlike verhouding met sy naaste verval hy in *vervreemding* as hy God loslaat. Die een beïnvloed die ander. In die Woord van God word duidelik aangetoon watter noue verband daar tussen jou verhouding met God en jou verhouding met jou naaste is. Dit is immers die kern van die wet: “*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat*” (Matt.22:34-40; Mark.12:28-34; Luk.10:25-28). Wat sal jy antwoord as God jǒu vra: “*Waar is jy?*” en “*Waar is jou broer?*” Voor God kan jy nie 'n dubbelsinnige antwoord gee nie want God weet in sy alwsheid wat die waarheid is!

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 20 Februarie 2011

Nommer 6

ZUMA-UITLATINGS GODSLASTERLIK EN GEVAARLIK

Die Deputate vir gesprek met die Owerheid het die volgende mediaverklaring uitgereik insake uitlatings van Pres. Jacob Zuma:

President Jacob Zuma se uitlatings tydens 'n ANC registrasie-veldtog, soos aangehaal in die media, is **Godslasterlik**, **polariserend** en **gevaarlik**. Die uitlating dat 'n ANC-lidmaat skapkaart deurgang na die hemel verseker, en lidmaatskap van ander partye die teenoorgestelde, is **Godslasterlik**. Dit maak van die Here die onderdaan wat die wil van die ANC sal uitvoer. Dit is 'n verloëning van die verlossingswerk van Jesus Christus, en 'n skandalige misbruik van godsdiens vir politieke gewin. Hierdie uitlatings is **polariserend**, aangesien dit party-politieke verdelingslyne verhef tot ewigheidskriteria en politieke opponente ernstig verkleineer en beledig. Die stellings is ook **gevaarlik**, aangesien dit 'n simptome is van totalitarisme, waar “die party” uiteindelik oppermagtig gemaak word en alle ander sferes van die lewe daaraan ondergeskik gestel word. Indien president Zuma die opmerkings in ligte luim gemaak het, is dit in swak smaak en 'n ligsinnige gespot met wat vir ons kosbaar en heilig is. Die opmerkings stem tot groot ontsteltenis, te meer omdat dit in lyn is met Mnr. Zuma se opmerkings enkele jare gelede dat die ANC sal regeer tot met die wederkoms asook met die opmerking van Mnr. Ace Magashule, wat as ANC-leier in die Vrystaat die lyding van mnr. Zuma aan die hand van sy teenstanders, vergelyk het met die lyde van Jesus Christus.


Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem ernstig aanstoot aan mnr. Zuma se uitlating en doen 'n beroep op hom op 'n **openbare apologie**. Ons versoek kerke om in opdrag van I Timoteus 2:1-5 ernstig vir mnr. Zuma te bid sodat hy hierdie gevaarlike spel met dit wat vir die oorgrote meerderheid van landsburgers heilig is kan staak en die land so sal regeer dat ons

“n rustige en stil lewe tot eer van God mag lei.

Namens die Deputate

Ds. Cassie Aucamp (Voorsitter)

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
20 Februarie 2011	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
27 Februarie 2011	Barmhartigheid	Die Kerkblad
6 Maart 2011	Barmhartigheid	Sustentasiefonds
13 Maart 2011	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut



GEMEENTEPROGRAM
 Sondag 13 Februarie 2011 tot Saterdag 26 Februarie 2011

So 13	Oggenddiens: Nagmaal	09:30-10:30
So 13	Erediens	18:00-19:00
Di 22	Vergadering Diakonie	18:00
Sa. 26	Uitstappie 55 Plussters	11:00




TEESKINKBEURTE

Sondag 20 Februarie 2011	Geen teeskink
Sondag 27 Februarie 2011	Wyke 12 & 13
Sondag 6 Maart 2011	Wyke 15 & 16
Sondag 13 Maart 2011	Wyke 17 & 18



Verjaarsdae

20 Februarie	Blanche Kruger
22 Februarie	Jeanet Brits
23 Februarie	Felicite Viljoen
23 Februarie	Alma Strydom
23 Februarie	Kamilla Booysen
24 Februarie	Kobus Steenkamp
25 Februarie	André Pretorius
26 Februarie	Magdel du Plessis



Geniet julle verjaarsdae. Ons bede is dat julle ook heeljaar die Here se seën sal geniet!



PREKE VANDAG

Oggenddiens: DIE SWAARD OF DIE BEKER? (Nagmaal)
 Johannes 18:10-11

Tydens Christus se gevangeneeming in Getsemane word die **swaard** en die **beker** Hom aangebied. Petrus het 'n swaard uitgeruk met die doel om Jesus te red. Maar Jesus weier: “*Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader vir My gegee het nie?*” Jesus het vroeër die nag gebid: “*My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan.*” Dit is die beker met God se oordeel oor die sonde (Jes.51:17; Jer. 25:15; Hab.2:16). Dit is die beker met die wyn van God se gloeiende toorn (Openb. 14:10; 16:19). Petrus se swaard wil verhoed dat Christus die beker drink. Maar hy vergeet dat Christus deur die Vader gestuur is om die oordeel oor die sonde te dra en die verlossing te verwerf. Christus ledig die toornbeker om aan ons te gee die beker van versoening met die Vader, die beker gevul met die ewige lewe. Hierdie verlossingsdaad van Christus mag ons nie vergeet nie. Daarom herinner God ons telkens daaraan in die tekens van brood en wyn tydens die nagmaal. Jesus Christus verwerf vir ons die beker van verlossing, die beker van die ewige lewe. Op die verlossingspad het die swaard geen plek of nut nie, ook nie vandag nie.



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD

Oggenddiens 09:30		
	Lied	Bladsy
1.	Psalm 9:1 & 6	36
2.	Psalm 9:7	37
3.	Psalm 9:12	38
4.	Psalm 51:1	263
5.	Skrifberyming 5-3:4 & 5	
6.	Skrifberyming 12-3:1 & 2	
7.	Psalm 103:1...	507
8.	Skrifberyming 2-4:1, 2, 3	




CHRISTENE IN EGIPTE

Die beweging Open Doors USA berig dat die Egiptenare fees vier na die val van Pres. Moebarak en hulle sien uit na 'n verbetering in lewensomstandighede. Dit sal dalk meehelp in die verspreiding van die Evangelie in Egipte.

Tydens die opstande is baie mense dood en veel meer ernstig beseer. Daar is getuienis dat Moslems hulle Christen bure gehelp het en dat die Christene water en medikasie vir talle Moslems uitgedeel het wat gedemonstreer het teen die regering. Dit is 'n buitengewone geleentheid wat benut is om die Koninkryk van God en sy liefde bekend te maak. Daar moet onthou word dat Egipte nie 'n land is wat gunstig vir Christene was nie. Moslems wat tot die Christendom bekeer is, is summier tereggestel. Elf Christene is vir hulle geloof vermoor in 'n dorpie 150 myl suid van Kairo. Sedert die begin van die jaar is daar al 42 Christene gedood. Dit is 'n paradoks van omstandighede. Met die opstande het Christene en Moslems skouer aan skouer teen die gesamentlike vyand, die regering, betoog. Maar hierdie goedgesindheid kan in 'n nag se tyd tot vyandigheid en dood omkeer. Vir die vervolgte Christene is dit 'n krisistyd om die evangelie te versprei en tot hulle medemense uit te reik met liefde.

Christene word wêreldwyd opgeroep om vir die gelowiges in Egipte te bid sodat hulle onvermoeid sal voortgaan om Moslems tot die Christendom te bekeer.



Susters

Saamroepster vir Februarie: Santie v.d. Westhuizen
 Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis: Wyk 26-28, 1 & 5



SUSTERSAAMTREK-Saterdag 12 Maart 2011 DV

Gereformeerde Kerk Wolmaransstad

Die susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfoo: R80 per persoon

Tema: "Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes."

Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom

Seremoniemeester: Elma Postma

SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB.
VOOR VRYDAG 11 FEBRUARIE 2011 DIE DAGFOOI
INBETAAL BY BETS OF KOTIE.



Lit die Woord

Dit is U! U alleen is Here! U het die hemel gemaak, die hoogste hemel en sy hele leëmag, die aarde en alles daarop, die oseane en alles daarin. U laat hulle almal lewe; die hemelse leëmag buig voor U.

[Nehemia 9:6]

Wyse Woorde

Hoekom werk 'n vrou tien jaar om 'n man se gewoontes te verander en kla dan hy is nie meer die man met wie sy getrou het nie?

[Barbra Streisand].



55-PLUSSERS – 2011

Datum: Saterdag 26 Februarie 2011
Tyd: Vertrek 11:00 vanaf Kerkgebou
Plek: Hannes Pelser se Plaas
Spyskaart: Potjiekos, potbrood en plaatkoekies

Ons breek diè jaar bietjie weg van die gebruikelike bring-en-braai en maak regte, egte boerekos in 'n potjie. Ons beplan hoender- en beesstert- of skaapskenkelpotjie. Ons sal sorg vir al die bestanddele van die potjie, brood en plaatkoekies. Elkeen moet net sorg vir sy eie eetgerei en drinkgoed (genoeg vir 'n lang dag!)

Prys: R30 per persoon (vir aankope van die vleis, ens.)
Vervoer: Dui asseblief op die lys in die portaal aan indien iemand vervoer benodig plaas toe.
Kleredrag: Gemaklik en informeel, stapskoene, hoed, sonblok en sambreel.
Tema: “Dinge wat jou laat jubel”. Maak solank 'n lysie van ten minste 5 dinge wat jou laat juig en jubel en bring die lysie saam.

Ons nooi almal hartlik uit na die gesellige uitstappie. Ons wil graag almal van diè ouderdomsgroep daar hê.

FRANCOIS SNYMAN
082 451 1408

**EKKE**

As daar van *ekke* geskryf word, dan behoort jy voor die spieël te staan, want die een in die spieël is eintlik *ekke*. 'n Mens is mos gedurig met jouself besig, al is dit net in jou gedagtes. * *Watter soort mens is ek?* * *Watter soort mens wil ek regtig wees?* * *Hoe 'n soort mens wil die ander mense hê ek moet wees?* * *Wie is die ideale ek?* * *Wat in my moet verander dat ek so sal wees dat ekself tevrede is en ander mense?* Dit is mos die vroe waarmee elkeen innerlik worstel. Elke mens worstel met drie kante van homself:

1. Die *werklike jy*. **2.** Die *verwagte jy*. **3.** Die *ideale jy*.

Hierdie 3 fasette is voortdurend in stryd met mekaar. So iets meer oor elkeen:

- ☺ Die *werklike jy*, is die gewone jy soos wat jy daagliks leef en jou dinge doen.
- ☺ Die *verwagte jy* kom na vore as jy tussen mense is. Dan is jy die soort mens wat jy dink die ander mense verwag van jou om te wees.
- ☺ Die *ideale jy* is die mens wat jy graag wil wees.

In meerdere of mindere mate kan jy bewus wees van die verskil wat daar is tussen jou *werklike self*, jou *verwagte self* en jou *ideale self*. God sien hierdie stryd van jou raak want Hy ken jou van voor jou geboorte af (Ps.139:15-16; Jer. 1:5). Daarom weet God presies watter soort mens jy is en watter stryd jy stry vanweë die gebrokenheid van die sonde waarin alle mense daaglikse lewe. God aanvaar jou soos jy is (Ps.32:8-10). Omdat God jou Skepper is, weet Hy oor watter bekwaamhede jy beskik en watter talente jy het en hoe jy hierdie dinge tot eer van sy Naam in jou lewe moet toepas. Dit is nodig om jouself op 'n eerlike wyse goed te ken. Jy móét weet wie jy is en waartoe jy in staat is. Want dit is jý wat as verlore kind van God moet optree. In daardie proses moet jy jouself wees en nie iets anders wat jy in jou kop opgemaak het nie. Dit beteken dat jy dit moet aanvaar wie en wat jy is en onder watter omstandighede jy verkeer.

In jou verhouding met jouself moet jy oppas vir die volgende:

- ⚡ Selfoorskating en selfonderskating.
- ⚡ Meerderwaardigheid en minderwaardigheid.
- ⚡ Selfverheerliking en selfveragting.
- ⚡ Selfvoldaanheid en selfverwerping.
- ⚡ Selfsug en selfaanbidding.

In jou moet selfbegrip, selfinsig, selfbesef, selfwaardering groei. Die Here wil ons help met ons sonde. Daarvoor gee Hy preke uit die Bybel aan ons. Maar Hy wil ons ook help om insig te kry in onself en nie weer die foute van die verlede te herhaal nie. Jy moet jouself sien soos God jou sien – 'n mens met baie foute en tekortkominge, maar 'n mens met moontlikhede en sterkpunte waardeur jy bekwaam is om in die koninkryk van God jou roeping te vervul. Jy het niks anders

om jou lewensroeping te vervul nie as net die gawes van die Here in sy alwysheid vir jou gegee het.

Dr. Nico van der Merwe

8. SIMBAAL 20 Februarie 2011

DIE NAAKTE WAARHEID !!

- ? Watter **profeet** het vir 3 jaar lank kaal rondgelopen?
! Jesaja (Jesaja 20:2-3)
- ? Watter **profeet** het kaal geloop toe hy getreur het oor die lot van Jerusalem?
! Miga (Miga 1:8)
- ? Watter **koning** van Israel het die gawe ontvang om te profeteer en het toe vir 'n dag en 'n nag kaal op die grond gelê?
! Saul (1 Samuel 19:24)
- ? Watter **pa** het in dronkenskap kaal in sy tent gelê tot spot en skaamte van sy seuns?
! Noag (Genesis 9:21-23)
- ? Watter **profeet** het gedreig om die wol en vlas waarmee sy vrou geklee was weg te neem sodat sy kaal is?
! Hosea (Hosea 2:2 & 8-9)
- ? Watter **koning** het voor sy mense so gedans dat sy naaktheid sigbaar was?
! Dawid (2 Samuel 6:14 & 20)
- ? Watter **jongman** wat 'n volgeling van Jesus was, het kaal deur Jerusalem gehardloop?
! Die jongman in Markus 14:51-52
- ? Watter **profeet** het gepraat van 'n vrou (as simboliek) wat seksuele daade gepleeg het terwyl sy nakend was?
! Esegiël (Esegiël 23:10 & 26-30)
- ? Watter **pa** se sewe seuns het kaal in die strate van Efese gehardloop?
! Skeva (Handelinge 19:15-16)
- ? Watter **profeet** vertel van die sterkste soldate wat kaal weggehhardloop het?
! Amos (Amos 2:16)
- ? Vir watter **man** is gesê dat hy die klere van die mense wat niks het afgestroop het sodat hulle kaal was?
! Job (Job 22:6)

8003

SIMBAAL 20 Februarie 2011

5.

Wêreldbiddag vir vroue

Op 4 Maart 2011 om 10:00 word die Wêreldbiddag vir vroue in die Gereformeerde Kerk Klerksdorp se Gemeentesentrum gehou. Almal is welkom. Die tema is: Hoeveel broodjies het jy? Navrae: Curly by 083 978 3380.

Die Wêreldbiddag vir vroue het in 1887 begin toe vroue van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika aangegryp was deur die nood van immigrante en die nagevolge van die vrystelling van die slawe in hulle land. Hulle het 'n oproep gedoen vir 'n nasionale dag van gebed. Vroue van ander kerke het ook begin deelneem, en die beweging het vinnig na ander lande versprei. Waar vroue ook al kennis gemaak het met die Biddag, het dit hulle geïnspireer om in hulle eie lande ook daarmee te begin. Die gevolg was dat die dag gou bekend gestaan het as die **Wêreldbiddag vir vroue**. In Suid-Afrika is die eerste Wêreldbiddag-byeenkoms in Maart 1930 in die Seepuntse Congregational Kerk gehou. In 1946 is 'n **Nasionale Komitee** vir Suidelike Afrika in die lewe geroep. Die lede van hierdie komitee word deur die beherende liggame van verskeie kerke genomineer. Programme word in 10 tale gedruk en alle vroue kan dus met gemak inskakel. Die Wêreldbiddag word elke jaar op meer as 1200 plekke in Suidelike Afrika waargeneem, en die reëling van byeenkomste op plaaslike vlak is ten volle in die hande van vroue in hul onderskeie gemeenskappe. Kollektes word slegs interkerklik aangewend ter ondersteuning van projekte van die Bybelgenootskap van SA, Radiokansel en Wêreldvisie. Deelname in Suid-Afrika is van die beste in die wêreld.





VAKATURES

President Kruger Kinderhuis

Die President Kruger Kinderhuis op Reddersburg beskik oor 'n vakature vir 'n Kinderversorger

POSVEREISTE:

- * Toegewyde Christen
- * Graad 12
- * Voertuig bestuurderslisensie
- * Huwelikstatus: Egpare en/of enkellopendes met min of geen afhanklikes
- * Ouderdom 30 – 50 jaar
- * Liefde vir kinders en vern

Inwoning teen minimale tari
CV en onlangse getuigskrif v
Die Hoof, Posbus 65, Redde
kinderhuis@zipplink.co.za
Sluitingsdatum: 18 Maart 20



gelei.
83/86 of e-pos by

POS BESKIKBAAR

'n Besigheid in Centurion he
persoon tussen die ouderdon
behartig. Hierdie persoon mc
(elke 2e week). Kode 08 lise
maand en 'n voertuig sal verskaf word. Stuur jou CV na Faks no: 086 675 0088 of
per e-pos: siascilliers@lantic.net. Vir navrae kontak Sias Cilliers:

r vir 'n manlike
ope en verspreiding te
de te ry en uit te slaap
ris is R4950.00 per

Tel: 082 379 0071
Cell: 082 379 0071
Fax: 086 675 0088



DANKWOORD

Baie dankie aan **sr. Martie Venter** vir die werk aan SIMBAAL die tydjie wat ek weg was. Dit was die hand van 'n bekwame redaktrise wat in die uitgawes sigbaar was.

Nico van der Merwe

LIEF EN LEED

- Ons hartlike gelukwense aan die trotse ouers, Kobus en Annalise van Jaarsveld met die geboorte van 'n tweeling, 'n seuntjie en dogtertjie, vroeër vandeemaand. Mag julle krag en genade ontvang vir elke dag se liefdevolle versorging, en mag hulle vir julle en die grootouers baie vreugde bring.
- Ons innige simpatie aan br. Martin en sr. Sophia van der Merwe en hul kinders met die afsterwe van sr. Sophia se vader voorverlede week. Die begrafnis was Dinsdag. Mag die Here u vertrous in hierdie tyd van roumart en verlange.
- Met skok is verneem dat br. Paul Vorster se bejaarde moeder, wat alleen op die plaas naby sy broer bly, voorverlede week aangeval, vasgebind en beroof is. Gelukkig het sy broer haar nog dieselfde aand te hulp gesnel. Sy herstel tans nog van die skok en kneusplekke. Ons bid ook hierdie gesinne die troos van die Here toe.
- Oom Kosie Smit en sr. Kotie Bester word nog in die Sunningdale Hospitaal verpleeg. Ons dink steeds aan hulle en bid vir beterskap.



MERK DIE DAG!

Omkring solank die datum Saterdag 16 April in u dagboek! 'n Gemeentebou-uitstappie word vir die dag beplan!



WAT IS JOU MENING?

Oom Peet van der Walt het 'n geseigde:

“It takes more than two ticks of a duck’s tail to realise what life is all about.”

Lidmate word gevra om aan Simbaal te skryf en te sê hoe u oor die waarheid in hierdie geseigde voel.